NG Kerk Vrystaat | VDM
Erediens Nuusbrief

Sou prediking as ‘n kunsvorm beskou kon word?

“Pous Gregorius die Grote het reeds aan die begin van die 7 de eeu die kunste as die primêre media beskou om oningeligtes aangaande die Christendom te onderrig.” (Stephan Joubert: *Annus virtualis: Enkele uitdagings wat die virtuele era van Web 2.0 aan relevante kerklike bedieninge stel*).

Ek het al baie maal by myself gewonder of prediking nie as ‘n kunsvorm beskou sou kon word nie. Ek het nog nooit ‘n studie hiervan gemaak nie, en daarom filosofeer ek nou gewoon hieroor, vir wat dit werd is. Sou dit wel gemotiveer kon word as ‘n kunsvorm, dan is die van volgende vrae: Wat is kenmerkend van kuns? Wat is die vereistes waaraan kuns behoort te voldoen om kuns te kan wees? Hoe werk kuns?

In ‘n vorige skrywe op hierdie forum het ek genoem dat ek vir die eerste maal begin het, nou onlangs, om my preke woordeliks uit te tik (ek het die vroeër uitgeskryf) en om met daardie manuskrip preekstoel toe te gaan (groot font, dubbelspasiëring). Ek ervaar dat ek - deur die preek so goed moontlik in te studeer - dit byna woordeliks volgens die manuskrip kan voordra sonder dat ek voel ek lees dit voor of dat ek kontak met die gehoor verloor. Dit maak dit ook vir my moontlik om die uitgedrukte preek beskikbaar te stel aan gemeentelede aan die einde van die diens. Of dit die moeite werd is, sal ek nog moet sien. (Laas Sondag is die 15 kopieë darem almal geneem.) Hierdie werkswyse maak dat ek noukeurig vooraf dink oor wat ek op papier gaan sit. Weer en weer skaaf ek aan die teks.

Daar was onlangs in die Oliewenhuys Kunsmuseum in die stad (Bloemfontein) ‘n wonderlike uitstalling van portrette. Dit was nie moeilik om ‘n ronde uur daar deur te bring, en twee keer mense daarheen te neem nie. Die vermoë van die kunstenaar om menslike emosies op die doek vas te vang: weerloosheid, afgeleefdheid, bitterheid, verset, sinisme - om ‘n paar te noem. Dis kuns... wat spreek tot jou siel. Ek wonder soms of mens ’n prediker kan wees as jy geen aanvoeling vir of belangstelling in kuns het nie. Het Maarten Luther nie gesê die prediker moet self kan sing nie? (Ek sal nou nie sover gaan nie. Minstens moet hy/sy lief wees vir musiek, reken ek.)

Prediking moet sekerlik spreek tot mense se siele. Maar dan sal die woorde vooraf noukeurig geweeg moet word. Ek het na laas Sondag gewonder of ‘n multi-media *‘show’* nie meer effektief sou wees om die essensie van wat jy wil sê, oor te dra aan mense nie. In plaas van om eintlik net van woorde gebruik te maak... (Ek wys wel dan en wan iets op die skerm.) En toe maar steeds tot die slotsom gekom dat ek dit eerder net met woorde wil probeer regkry.

Prediking is ‘n woord-gebeure, het ek by Hennie Pieterse geleer. Woorde kan dinge laat gebeur. ‘n Hele boek bestaan net uit woorde en die goeie skrywer het ‘n vermoë om die leser as’t ware gevange te hou tot op bladsy 389.

Joubert haal ene Len Wilson aan om die punt te maak dat ‘media binne die digitale kultuur primêr *narratief* van aard is.’ Wilson sê: *‘Its strength in storytelling is due to powerful engagement of the senses on multiple levels through visual and aural images.’* Die oë en die ore word betrek. Pieterse wei ‘n hele boek aan: ‘Verwóórding en die prediking.’ (Klem van my.) Een van die vier preekvorme wat hy onderskei, is *verhalende* prediking.

Die internet bewys weereens die krag van die narratiewe. Die TV-reeks *‘Spies en Plessis’* destyds het ons opnuut onder die indruk gebring hiervan.

Enige kommentaar?

Zachie le Roux
Noordhoek